(i) verskillende aanwysings ten opsigte van verskillende kategorieë van verkeersopsigters kan maak; en

(ii) óf in die algemeen óf in die besonder, voorwaardes ten aansien van die uitoefening of verrigting van sodanige bevoegdhede en pligte kan oplê; en

(e) kan 'n persoon of owerheid deur die LUR by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* aangewys, op die voorwaardes en vir sodanige gebiede as wat in die kennisgewing bepaal word, enige persoon as 'n ondersoeker van voertuie aanstel.

(2) Niemand mag kragtens subartikel (1) as 'n gemagtigde beampte aangestel word nie, tensy hy of sy kragtens artikel 5 geregistreer en gegradeer is.

(3) Iemand wat kragtens subartikel (1) as 'n gemagtigde beampte aangestel word, word deur die betrokke LUR, plaaslike owerheid, persoon of instansie wat hom of haar aanstel, by sy of haar aanstelling van 'n aanstellingsertifikaat voorsien.

(4) (a) 'n Gemagtigde beampte oefen nie 'n bevoegdheid uit nie of verrig nie 'n plig nie, tensy hy of sy in besit is van sy of haar aanstellingsertifikaat.

(b) 'n Gemagtigde beampte moet sy of haar aanstellingsertifikaat toon op versoek van enige persoon wat 'n wesenlike belang by die betrokke aangeleentheid het.

Aansoek om registrasie as inspekteur van lisensies, ondersoeker van voertuie, toetsbeampte vir bestuurderslisensies of verkeersbeampte

4. (1) Iemand wat geregistreer wil word as —

(a) 'n inspekteur van lisensies;

(b) 'n ondersoeker van voertuie;

(c) 'n toetsbeampte vir bestuurderslisensies;

(d) 'n verkeersbeampte;

(e) 'n reserwe verkeersbeampte; of

(f) 'n verkeersopsigter,

moet op die voorgeskrewe wyse by die LUR aansoek doen.

(2) 'n Aansoek in subartikel (1) bedoel, moet van die voorgeskrewe gelde vergesel gaan.

Registrasie en gradering van beamptes

5. (1) Indien die LUR oortuig is dat 'n aansoeker beoog in artikel 4 aan die bevoegdheids- en registrasievereistes bedoel in artikel 3(2) van die Nasionale Padverkeerswet, 1996, voldoen wat met betrekking tot die spesifieke kategorie van aansoek voorgeskryf is, kan hy of sy daardie persoon op die voorgeskrewe wyse registreer en gradeer.

(2) Niemand mag ingevolge subartikel (1) geregistreer word of geregistreer bly nie as -

(a) 'n ondersoeker van voertuie indien hy of sy óf regstreeks óf onregstreeks 'n geldelike belang het of verkry by die vervaardiging, verkoop, herbou, herstel of vernuwing van motorvoertuie; of

(b) 'n inspekteur van lisensies, 'n toetsbeampte vir bestuurderslisensies of 'n verkeersbeampte indien hy of sy, óf regstreeks óf onregstreeks, óf self óf deur sy of haar ega of vennoot enige geldelike of verbandhoudende belang het of verkry by enige bestuurskool of by die opleiding of onderrig van of toesig oor leerlingbestuurders:

Met dien verstande dat die LUR ondanks die bepalings van hierdie subartikel iemand kragtens subartikel (1) kan registreer.

(3) Iemand wat as 'n gemagtigde beampte in enige ander provinsie geregistreer is, word geag vir hierdie provinsie geregistreer te wees.

Opskorting en intrekking van registrasie van beampte

6. (1) Die betrokke LUR kan vir sodanige tydperk as wat hy of sy goedvind, en op die voorgeskrewe wyse die registrasie van iemand wat kragtens artikel 5(1) geregistreer is, intrek of die registrasie van iemand wat kragtens daardie artikel geregistreer is, opskort -

(a) indien sodanige persoon na sy of haar mening aan wangedrag skuldig is in die uitoefening van sy of haar bevoegdhede of die verrigting van sy of haar pligte;

(b) indien die prestasielys van sodanige persoon na sy of haar mening aantoon dat hy of sy onbevoeg is om die bevoegdhede of pligte van 'n beampte van die kategorie waarin hy of sy geregistreer is, uit te oefen of te verrig; of

(c) in enige ander omstandighede wat die LUR dienstig ag.

(2) Die registrasie van 'n persoon bedoel in subartikel (1) kan alleenlik opgeskort of ingetrek word nadat sodanige persoon die geleentheid gehad het om binne 14 dae skriftelike vertoë te rig om gronde aan te voer, waarom die registrasie nie opgeskort of ingetrek behoort te word nie.

(3) Enige persoon wat geraak word deur die besluit bedoel in subartikel (2) mag die LUR binne die voorgeskrewe tyd om skriftelike redes vir sy of haar besluit versoek.

(4) Indien die registrasie van enige persoon opgeskort of ingetrek is ingevolge hierdie artikel moet daardie persoon onverwyld sy of haar registrasiedokument aan die betrokke LUR terugbesorg, wat sodanige dokument vir die opskortingstydperk moet hou of sodanige dokument moet intrek, na gelang van die geval.

Bevoegdhede en pligte van inspekteur van lisensies

7. 'n Inspekteur van lisensies kan behoudens die bepalings van hierdie Wet of enige ander wet —

(a) by skriftelike kennisgewing soos voorgeskryf die eienaar, operateur, bestuurder of persoon in beheer van enige voertuig, waar dit ook al gevind word, wat na sy of haar mening nie voldoen nie aan die vereistes vir 'n padwaardigheidsertifikaat waarvoor in hierdie Wet of enige ander wet voorsiening gemaak word, gelas om sodanige voertuig vir inspeksie, ondersoek of toets na 'n toepaslik gegradeerde toetsstasie vir sodanige klas voertuig te bring, op 'n tyd en plek wat in sodanige kennisgewing vermeld word;

(b) ten opsigte van enige motorvoertuig, van die titelhouer, eienaar of operateur die voorlegging vereis van 'n dokument wat so iemand ten opsigte van daardie motorvoertuig ingevolge hierdie Wet moet hou, of enige soortgelyke dokument wat deur 'n bevoegde gesag buite die Republiek uitgereik is;

(c) van 'n instrukteur vereis om —

(i) wanneer daardie instrukteur besig is met die onderrig of opleiding van 'n ander persoon in die bestuur van 'n motorvoertuig, onverwyld; of

(ii) waar sodanige instrukteur nie aldus optree nie, binne sewe dae,

bewys te lewer van sy of haar registrasie;

(d) enige motorvoertuig ondersoek ten einde hom of haar daarvan te vergewis of dit die motorvoertuig is ten opsigte waarvan 'n dokument bedoel in paragraaf (b) uitgereik is;

(e) beslag lê op enige dokument bedoel in paragraaf (b) wat ongeldig blyk te wees of ten opsigte waarvan die inspekteur vermoed dat dit ongeldig is, of wat wederregtelik gebruik, verander of ontsier is of blyk te wees, of wat vir wederregtelike gebruik gebruik of beoog word, en waar daar op enige dokument aldus beslag gelê word, moet die inspekteur 'n kwitansie vir die dokument aan die betrokke persoon uitreik;

(f) van die eienaar, operateur of bestuurder of persoon in beheer van 'n voertuig vereis om onverwyld sy of haar naam en adres, en enige ander besonderhede wat vir sy of haar identifikasie vereis word te verstrek, en waar van toepassing, onverwyld 'n professionele bestuurspermit te toon;

(g) van enige persoon vereis om onverwyld 'n lisensie of 'n ander voorgeskrewe magtiging wat hom of haar magtig om 'n motorvoertuig te bestuur aan hom of haar voor te lê, en om enige ander dokument voor te lê wat hy of sy ten opsigte van 'n motorvoertuig ingevolge hierdie Wet moet hou;

(h) beslag lê op enige lisensie of dokument wat ingevolge paragraaf (g) aan hom of haar voorgelê is en wat na sy of haar mening bewys kan lewer van 'n oortreding of ontduiking van 'n bepaling van hierdie Wet, en waar daar aldus op enige lisensie of dokument beslag gelê word, moet die inspekteur 'n kwitansie vir sodanige lisensie of dokument aan die betrokke persoon uitreik;

(i) van enige persoon, hetsy daardie persoon in 'n voertuig is al dan nie, vereis om sy of haar naam en adres en enige ander besonderhede wat vir sy of haar identifikasie vereis word, te verstrek, asook sodanige inligting as wat hy of sy in staat is om te verstrek en wat tot die identifikasie van die eienaar, operateur of bestuurder van sodanige voertuig kan lei;

(j) van enige persoon vereis om aan hom of haar enige inligting te verstrek wat sodanige persoon in staat is om te voorsien en wat kan lei tot die identifikasie van die bestuurder, eienaar, operateur of persoon te eniger tyd of gedurende enige tydperk in beheer van 'n voertuig; of

(k) te enige redelike tyd met inagneming van die omstandighede van die geval, sonder kennisgewing vooraf, en in die uitoefening van enige bevoegdheid of die verrigting van enige plig wat hy of sy ingevolge hierdie Wet gemagtig is of vereis word om uit te oefen of te verrig, enige perseel binnegaan waar hy of sy rede het om te glo dat 'n voertuig gehou word.

Bevoegdhede en pligte van ondersoeker van voertuie

8. (1) 'n Ondersoeker van voertuie kan 'n voertuig by 'n toetsstasie inspekteer, ondersoek of toets om vas te stel of dit padwaardig is en vir daardie doel die voertuig of enige gedeelte daarvan of die toerusting of bybehore daarvan uitmekaar haal: Met dien verstande dat hy of sy enige voertuig aldus uitmekaar gehaal, weer moet monteer tensy hy of sy deur die persoon in beheer van die voertuig versoek word om dit nie te doen nie.

(2) 'n Ondersoeker van voertuie kan enige voertuig bestuur wanneer dit nodig is by die verrigting van sy of haar pligte, mits hy of sy, in die geval van 'n motorvoertuig, gelisensieer is om 'n motorvoertuig van die betrokke klas te bestuur: Met dien verstande dat, in die geval van 'n voertuig aangepas vir gebruik deur 'n liggaamlik gestremde persoon die ondersoeker van voertuie die houer van 'n toepaslike bestuurslisensie kan versoek om sodanige voertuig te bestuur onderworpe aan sy of haar opdragte en in sy of haar teenwoordigheid.

Bevoegdhede en pligte van toetsbeampte vir bestuurderslisensies

9. (1) 'n Toetsbeampte vir bestuurderslisensies toets enige aansoeker om 'n leerlinglisensie of bestuurderslisensie op die wyse en ten opsigte van die aangeleenthede soos voorgeskryf deur die Nasionale Padverkeerswet, 1996, ten einde te bepaal of daardie aansoeker geskik en bevoeg is om 'n leerling- of bestuurderslisensie vir die klas voertuig waarvoor hy of sy aansoek doen, te verwerf.

(2) Geen toetsbeampte vir bestuurderslisensies mag 'n aansoeker om 'n bestuurslisensie toets ingevolge die Nasionale Padverkeerswet, 1996, nie, tensy die toetsbeampte self gelisensieer is om 'n voertuig te bestuur van die klas ten opsigte waarvan die aansoeker om 'n bestuurderslisensie aansoek doen.

Bevoegdhede en pligte van verkeersbeampte

10. 'n Verkeersbeampte kan behoudens die bepalings van hierdie Wet en enige ander wet —

(a) enigeen van die bevoegdhede of pligte wat ingevolge artikel 7 aan 'n inspekteur van lisensies verleen word, uitoefen of verrig;

(b) wanneer hy of sy in uniform is, van die bestuurder van enige voertuig vereis om sodanige voertuig tot stilstand te bring;

(c) enige deel en die werking en die toerusting daarvan, van enige voertuig inspekteer en toets of laat inspekteer of toets deur 'n persoon wat hy of sy bevoeg ag om dit te doen, met die oog daarop om vas te stel of sodanige voertuig of die werking daarvan en die toerusting aan die bepalings van die Nasionale Padverkeerswet, 1996, voldoen: Met dien verstande dat geen sodanige verkeersbeampte of persoon wat deur sodanige beampte gelas is om so 'n voertuig te inspekteer of te toets, die meganisme of enige werkende dele van 'n motorvoertuig uitmekaar mag haal nie, tensy hy of sy ook 'n gekwalifiseerde motorwerktuigkundige is;

(d) die afmetings van die -

(i) bruto voertuigmassa;

(ii) bruto asmassalas;

(iii) bruto kombinasiemassa; of

(iv) bruto aseenheidmassalas,

vasstel en, indien nodig vir die doel om sodanige massa vas te stel, vereis dat 'n voertuig of kombinasie van voertuie na 'n massameter of massameettoestel gaan en indien die massa van enige voertuig of kombinasie van voertuie die massa oorskry wat ingevolge die Nasionale Padverkeerswet, 1996, toegelaat word, die gebruik van sodanige voertuig of kombinasie van voertuie op 'n openbare pad verbied totdat sodanige massa verminder of aangepas is om aan hierdie Wet te voldoen: Met dien verstande dat waar die vrag op 'n voertuig enige gevaarhoudende stof ingevolge die Wet op Gevaarhoudende Stowwe, 1973 (Wet No. 15 van 1973), bevat, die vermindering en hantering van die massa ingevolge daardie Wet moet geskied;

(e) enige voertuig bestuur wanneer dit nodig is vir die uitvoering van sy of haar pligte, mits hy of sy, in die geval van 'n motorvoertuig, gelisensieer is om 'n motorvoertuig van die betrokke klas te bestuur;

(f) indien dit vir daardie beampte voorkom of 'n persoon wat die bestuurder is of klaarblyklik in beheer is van 'n voertuig, weens sy of haar fisiese of geestelike toestand, hoe dit ook al ontstaan het, vir die oomblik nie in staat is om daardie voertuig te bestuur of in beheer daarvan te wees nie, sodanige persoon tydelik verbied om voort te gaan om die voertuig te bestuur of in beheer daarvan te wees en sodanige reëlings vir die veilige beskikking oor of plasing van die voertuig tref as wat na sy of haar mening in die omstandighede nodig of wenslik is;

(g) die verkeer op enige openbare pad reël en beheer en sodanige opdragte gee as wat na sy of haar mening nodig is vir die veilige en doeltreffende reël van die verkeer, wat die sluiting van enige openbare pad mag insluit, en waar hy of sy van mening is dat die bestuurder van 'n motorvoertuig die normale vloei van verkeer op 'n openbare pad belemmer of hinder, opdrag gee dat die bestuurder die voertuig van sodanige pad verwyder en 'n ander roete met die voertuig volg;

(h) van enige persoon vereis om sy of haar naam en adres en enige ander besonderhede wat vir sy of haar identifikasie of vir 'n prosesstuk nodig is, te verstrek indien sodanige beampte op redelike gronde vermoed dat sodanige persoon 'n misdryf ingevolge hierdie Wet begaan het of indien hy of sy na die mening van sodanige beampte in staat is om getuienis af te lê in verband met die pleging of vermeende pleging van sodanige misdryf;

(i) ten opsigte van enige motorvoertuig van die eienaar, operateur of bestuurder daarvan vereis om enige dokument ingevolge hierdie Wet voorgeskryf, voor te lê;

(j) beslag lê op enige dokument bedoel in paragraaf (i) wat aan hom of haar voorgelê is en wat na sy of haar mening bewys kan lewer van 'n oortreding van of versuim om te voldoen aan 'n bepaling van hierdie Wet en waar daar aldus op enige dokument beslag gelê word, moet die verkeersbeampte 'n kwitansie daarvoor aan die betrokke persoon uitreik;

(k) kan van enige professionele bestuurder of die operateur of eienaar van 'n motorvoertuig vereis om —

(i) enige aantekening of dokument wat so 'n persoon ingevolge hierdie Wet aan hom of haar moet dra of in sy of haar besit moet hê of wat op enige sodanige motorvoertuig aangebring moet wees; of

(ii) enige aantekening wat daardie persoon ingevolge hierdie Wet moet bewaar,

vir inspeksie te toon en 'n afskrif daarvan te laat maak;

(l) te eniger tyd enige motorvoertuig van 'n operateur betree en sodanige voertuig inspekteer;

(m) te eniger tyd enige perseel betree waar hy of sy rede het om te glo dat 'n motorvoertuig van 'n operateur gehou word of enige aantekening of ander dokument wat ingevolge hierdie Wet gehou moet word, gevind kan word, en sodanige voertuig inspekteer, en enige sodanige aantekening of dokument wat hy of sy daar vind, inspekteer en 'n afskrif daarvan maak;

(n) indien hy of sy rede het om te glo dat 'n misdryf ingevolge hierdie Wet begaan is, begaan word of beoog word begaan te word ten opsigte van enige aantekening of dokument wat hy of sy geïnspekteer het, op sodanige aantekening of dokument beslag lê, en waar daar aldus op enige dokument beslag gelê word, moet die verkeersbeampte 'n kwitansie daarvoor aan die betrokke persoon uitreik;

(o) 'n motorvoertuig of deel daarvan inspekteer en beslag lê op 'n dokument uitgereik in verband met die registrasie en lisensiëring van sodanige motorvoertuig, waar gevind word dat die enjin- of onderstelnommer van sodanige motorvoertuig verskil van die enjin- of onderstelnommer soos vermeld op die dokument, en opdrag gee dat sodanige motorvoertuig onmiddellik na 'n polisiekantoor deur sodanige verkeersbeampte geneem word vir polisieklaring en kan, nadat sodanige klaring verkry is, die dokument waarop beslag gelê is, teruggee aan iemand wat daarop geregtig is, of die eienaar van die betrokke motorvoertuig in kennis stel dat die voertuig herregistreer moet word, na gelang van die geval; en

(p) van die eienaar, operateur of bestuurder van 'n motorvoertuig wat in enige voorgeskrewe gebied geregistreer is of geag word aldaar geregistreer te wees, polisieklaring ten opsigte van die motorvoertuig vereis voordat toegelaat word dat die motorvoertuig oor die Republiek se grense geneem word: Met dien verstande dat die LUR 'n eienaar, operateur of bestuurder op die voorgeskrewe wyse daarvan kan vrystel om sodanige polisieklaring te verskaf.

Voldoening aan opdrag of voorskrif deur 'n gemagtigde beampte of vredesbeampte, en ook die verbod op die belemmer en hinder van sodanige beamptes

11. (1) Enigeen moet —

(a) aan enige opdrag of voorskrif aan hom of haar gegee deur 'n gemagtigde beampte voldoen, en mag sodanige inspekteur van lisensies, verkeersbeampte of ondersoeker van voertuie nie dwarsboom, belemmer of hinder wat enige bevoegdheid uitoefen of enige plig verrig kragtens hierdie Wet nie; of

(b) aan enige opdrag of voorskrif aan hom of haar gegee deur 'n vredesbeampte voldoen, en mag nie 'n vredesbeampte dwarsboom, belemmer of hinder wat enige bevoegdheid uitoefen betreffende 'n bepaling van hierdie Wet wat kragtens artikel 334 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), aan hom of haar toegewys word nie.

(2) Wanneer ook al die voorlegging van 'n dokument wat nie aan 'n voertuig aangebring hoef te word nie of wat nie in 'n voertuig byderhand gehou hoef te word nie, ingevolge artikel 7(b) of 10(i) vereis word, is die voorlegging daarvan by enige polisiekantoor of kantoor wat deur 'n bevoegde gesag vir gebruik deur 'n verkeersbeampte of vredesbeampte afgesonder is, binne 'n tydperk van sewe dae nadat dit aldus vereis is, voldoende nakoming van die vereiste.

(3) Wanneer ook al enige dokument ingevolge subartikel (2) by enige polisiekantoor of kantoor vermeld in genoemde subartikel, voorgelê word, moet die bevelvoerende beampte van sodanige polisiekantoor of kantoor wat aldus afgesonder is, die beampte wat die betrokke vereiste gestel het, onverwyld in kennis stel en 'n bewys van voorlegging van sodanige dokument uitreik aan die persoon wat dit voorlê.

(4) Waar 'n dokument nie ingevolge subartikel (2) voorgelê word nie en 'n prosesstuk ingevolge artikel 54, 56, 72 of 341 van die Strafproseswet, 1977, aan iemand oorhandig of beteken word, kan 'n inspekteur van lisensies, verkeersbeampte of vredesbeampte die linkerduimafdruk van die persoon op wie die prosesstuk betrekking het op daardie prosesstuk vereis, en sodanige persoon is verplig om sodanige afdruk op die wyse en op die plek of plekke op sodanige dokument en afskrifte daarvan te maak soos voorgeskryf deur die betrokke inspekteur, beampte of toetsbeampte: Met dien verstande dat indien dit nie moontlik is om die afdruk van die linkerduim van so iemand te verkry nie, die afdruk van enige ander vinger vereis kan word in welke geval die betrokke inspekteur, beampte of toetsbeampte die vinger wat as alternatief gebruik word, onder elke afdruk van daardie vinger skriftelik moet identifiseer.

Personering as gemagtigde beampte of vredesbeampte of oorreding van enige sodanige beampte om sy of haar plig te versaak

12. (1) Niemand mag deur woord, gedrag of optrede voorgee dat hy of sy 'n gemagtigde beampte of vredesbeampte is nie.

(2) Niemand mag met enige gemagtigde beampte of vredesbeampte saamspan of hom of haar oorreed of probeer oorreed om te versuim om sy of haar plig uit te voer of om 'n handeling te verrig wat in stryd is met sy of haar plig nie.

(3) Niemand mag 'n gemagtigde beampte of vredesbeampte dwing om 'n handeling met betrekking tot die uitoefening van sy of haar bevoegdhede of die verrigting van sy of haar pligte te verrig of na te laat om dit te verrig nie of, omdat sodanige persoon sodanige handeling verrig of nagelaat het om dit te verrig, dreig of voorstel om geweld of dwang te gebruik teen sodanige persoon of enige van sy of haar naasbestaandes of afhanklikes, of dreig of voorstel om die eiendom van sodanige persoon of van enige van sy of haar naasbestaandes of afhanklikes te beskadig, nie.

HOOFSTUK III

INSTRUKTEURS

Instrukteur moet geregistreer en gegradeer wees

13. (1) Niemand mag as 'n instrukteur optree nie, tensy hy of sy ingevolge artikel 15 geregistreer en gegradeer is.

(2) Niemand mag 'n ander persoon as 'n instrukteur in diens neem of van sy of haar dienste gebruik maak nie, tensy daardie persoon ingevolge artikel 15 as instrukteur geregistreer is.

Aansoek om registrasie as instrukteur

14. (1) Iemand wat as 'n instrukteur geregistreer wil word, moet op die voorgeskrewe wyse by die LUR daarom aansoek doen.

(2) 'n Aansoek bedoel in subartikel (1) gaan van die voorgeskrewe gelde vergesel.

Registrasie en gradering van instrukteurs

15. Indien die LUR oortuig is dat 'n aansoeker bedoel in artikel 14 voldoen aan die bevoegdheids- en graderingskwalifikasies soos voorgeskryf en wat betrekking het op die spesifieke kategorie aansoek, moet hy of sy die aansoeker op die voorgeskrewe wyse registreer en gradeer.

Opskorting en intrekking van registrasie van instrukteur

16. Die LUR kan op die voorgeskrewe wyse die registrasie van 'n instrukteur opskort vir die tydperk wat hy of sy goedvind, of dit intrek, indien sodanige instrukteur —

(a) skuldig is aan wangedrag in die uitoefening van sy of haar bevoegdhede of die verrigting van sy of haar pligte; of

(b) versuim het om 'n toepaslike opknappingskursus aan 'n opleidingsentrum wat deur die LUR goedgekeur is, binne 'n voorgeskrewe tydperk by te woon.

HOOFSTUK IV

INSPEKTORAAT VAN TOETSSTASIES EN INSPEKTORAAT VAN BESTUURDERSLISENSIE-TOETSSENTRUMS

Die aanstel van inspektoraat van toetsstasies

17. (1) Die LUR kan 'n provinsiale inspektoraat van toetsstasies aanstel soos voorgeskryf.

(2) Die bevoegdhede en pligte van genoemde inspektoraat van toetsstasies betreffende die inspeksie en die beheer van standaarde, gradering en funksionering van toetsstasies is soos voorgeskryf.

(3) Die LUR kan, ter delging van uitgawes aangegaan deur of namens genoemde inspektoraat, vir doeleindes van die verrigting van sy werksaamhede, gelde voorskryf wat betaalbaar is ten opsigte van elke ondersoek of toets gedoen rakende die padwaardigheid van 'n motorvoertuig.

Die aanstel van inspektoraat van bestuurderslisensie-toetssentrums

18. (1) Die LUR kan 'n provinsiale inspektoraat van bestuurderslisensie-toetssentrums aanstel soos voorgeskryf.

(2) Die bevoegdhede en pligte van die inspektoraat betreffende die inspeksie en die beheer van standaarde, gradering en funksionering van bestuurderslisensie-toetssentrums is soos voorgeskryf.

(3) Die LUR kan, ter delging van uitgawes aangegaan deur of namens genoemde inspektoraat, vir doeleindes van die verrigting van sy werksaamhede, gelde voorskryf wat betaalbaar is ten opsigte van inspeksies gedoen ingevolge hierdie artikel.

HOOFSTUK V

PARKEERGELDE

Bevoegdheid van plaaslike owerheid om parkeergelde te hef

19. (1) 'n Plaaslike owerheid kan, by besluit en vir doeleindes vermeld in subartikel (3)(a), gelde hef ten opsigte van die parkering van voertuie op enige openbare pad of gedeelte daarvan binne sy regsgebied.

(2) Die gelde bedoel in subartikel (1) kan verskil ten opsigte van verskillende openbare paaie of verskillende gedeeltes van dieselfde openbare pad.

(3) (a) Indien 'n parkeermeter geïnstalleer word met die doel om gelde in te vorder of met die oog op die beheer van verkeer, moet dit by 'n afgemerkte parkeervak of parkeervakke wees en die dae en ure aandui wanneer vir parkering betaal moet word, en die bedrag betaalbaar vir 'n spesifieke parkeertydperk.

(b) Indien 'n ander metode as 'n parkeermeter gebruik word om die gelde bedoel in subartikel (1) in te vorder, moet 'n teken vertoon word by die parkeerarea wat die dae en ure aandui wanneer vir parkering betaal moet word, die bedrag betaalbaar vir 'n spesifieke parkeertydperk en die wyse van betaling vir 'n spesifieke parkeertydperk.

(4) (a) Die tydperk wat 'n voertuig wettig in 'n parkeervak bedoel in subartikel (3)(a) geparkeer kan word, is, tensy die teendeel bewys word, soos gemeet deur die parkeermeter vir sodanige parkeervak.

(b) Indien 'n ander metode as 'n parkeermeter gebruik word om die gelde bedoel in subartikel (1) in te vorder, is die tydperk wat 'n voertuig wettig in 'n parkeerarea bedoel in subartikel (3)(b) geparkeer kan word, tensy die teendeel bewys word, soos gemeet deur middel van die betrokke metode ten opsigte van die betrokke voertuig.

(5) Enige plaaslike owerheid kan op 'n openbare pad binne sy regsgebied spesiale parkeerplekke inruim vir die parkering van passasiersdraende motorvoertuie of enige klas daarvan, soos voorgeskryf, en kan verordeninge vir die reël en beheer van die gebruik van daardie spesiale parkeerplekke uitvaardig —

(a) om voorsiening te maak vir die uitreiking van permitte waarvolgens bepaalde spesiale parkeerplekke of onderverdelings daarvan aan sekere persone of voertuie toegeken word vir hul uitsluitlike gebruik;

(b) om die gebruik van enige spesiale parkeerplek of onderverdeling aldus toegeken, deur enige ander persoon of voertuig te verbied;

(c) om gelde ten opsigte van die gebruik van spesiale parkeerplekke te vorder; en

(d) om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan:

Met dien verstande dat daar in enige permit of enige hernuwing daarvan voorsiening gemaak kan word vir die beperking van die ure waartydens die houer die uitsluitlike gebruik van 'n bepaalde spesiale parkeerplek het en waartydens die gebruik daarvan deur enige ander persoon of voertuig verbied word.

(6) By die eerste toekenning van enige spesiale parkeerplek of onderverdeling bedoel in subartikel (5), moet die plaaslike owerheid sover moontlik die tydperk in ag neem wat die aansoeker al besig is om passasiers met die betrokke klas voertuig teen betaling te vervoer.

(7) Verordeninge ingevolge subartikel (5) moet, onderworpe aan die aansoeker se goeie gedrag, voorsiening maak vir die jaarlikse hernuwing van die reg om so 'n spesiale parkeerplek of onderverdeling daarvan te gebruik.

(8) Alle gelde wat 'n plaaslike owerheid invorder deur middel van 'n parkeermeter of ten opsigte van 'n parkeerarea of 'n spesiale parkeerplek, soos in hierdie artikel beoog, moet, uitgesonderd met die goedkeuring van die betrokke LUR, slegs gebruik word ter bestryding van die koste van en in verband met enige skema, werk of onderneming ter verbetering of reëling van verkeerstoestande binne die gebied van sodanige plaaslike owerheid, met inbegrip van die koste van die installering en instandhouding van so 'n parkeermeter, parkeerarea of spesiale parkeerplek.

(9) Die uitoefening deur 'n plaaslike owerheid van sy bevoegdhede ingevolge hierdie artikel stel die owerheid nie aanspreeklik ten opsigte van die verlies of beskadiging van enige voertuig of die inhoud of toebehore van sodanige voertuig terwyl die voertuig in 'n parkeervak, parkeerarea of spesiale parkeerplek is nie.

HOOFSTUK VI

VERMOEDENS EN REGSPROSEDURE

Vermoede ten opsigte van openbare pad, deurpad en openbare pad in stedelike gebied

20. (1) Waar daar by enige vervolging ingevolge hierdie Wet beweer word dat 'n misdryf op 'n openbare pad gepleeg is, word daar vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat die betrokke pad 'n openbare pad is.

(2) Waar daar by enige vervolging ingevolge hierdie Wet beweer word dat 'n misdryf op 'n deurpad gepleeg is, word daar vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat die betrokke pad 'n deurpad is.

(3) Waar daar by enige vervolging ingevolge hierdie Wet beweer word dat 'n misdryf op 'n openbare pad in 'n stedelike gebied gepleeg is, word daar vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat die betrokke pad 'n openbare pad in 'n stedelike gebied is.

Vermoede dat eienaar voertuig bestuur of geparkeer het

21. (1) Waar dit by enige vervolging ingevolge hierdie Wet belangrik is om te bewys wie die bestuurder van 'n voertuig was, word daar vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat daardie voertuig deur die eienaar daarvan bestuur is.

(2) Wanneer ook al 'n voertuig geparkeer word in stryd met enige bepaling van hierdie Wet of 'n verordening wat daarkragtens uitgevaardig is, word daar vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat daardie voertuig deur die eienaar daarvan geparkeer is.

(3) By die toepassing van subartikels (1) en (2) word daar vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat, waar die eienaar van die betrokke voertuig 'n regspersoon is, sodanige voertuig deur 'n direkteur of dienaar van die regspersoon bestuur of geparkeer is, soos in daardie subartikels beoog, in die uitoefening van sy of haar bevoegdhede of die verrigting van sy of haar pligte as sodanige direkteur of dienaar, of ter bevordering of gepoogde bevordering van die belange van die regspersoon.

Vermoede ten opsigte van beamptes

22. By 'n vervolging ingevolge hierdie Wet, is die feit dat iemand optree of opgetree het as 'n verkeersbeampte, 'n inspekteur van lisensies, 'n ondersoeker van voertuie of 'n toetsbeampte vir bestuurslisensies, *prima facie*-getuienis van sy of haar aanstelling en magtiging om op te tree: Met dien verstande dat hierdie artikel nie van toepassing is ten opsigte van 'n vervolging op 'n aanklag wat op personasie betrekking het nie.

HOOFSTUK VII

APPèLLE

Reg op appèl na LUR

23. (1) Iemand wat veronreg voel oor die weiering van 'n toetsbeampte vir bestuurderslisensies om aan hom of haar 'n leerling- of bestuurderslisensie uit te reik of om die uitreiking daarvan te magtig, kan binne 21 dae na weiering skriftelik na die LUR appelleer, en daardie persoon moet terselfdertyd 'n afskrif van die appèl aan die betrokke toetsbeampte beteken.

(2) Iemand wat veronreg voel oor die weiering van 'n ondersoeker van voertuie of 'n toetsstasie om ten opsigte van 'n motorvoertuig aan hom of haar 'n padwaardigheid-sertifikaat uit te reik of die uitreiking aan hom of haar van sodanige sertifikaat te magtig, of oor die voorwaardes onderworpe waaraan so 'n sertifikaat aan hom of haar uitgereik is, kan binne 21 dae na daardie weiering of na die uitreiking van die sertifikaat onderworpe aan die betrokke voorwaardes skriftelik teen so 'n weiering of teen die betrokke voorwaardes, na die LUR appelleer, en sodanige persoon moet terselfdertyd 'n afskrif van die appèl aan die betrokke ondersoeker of toetsstasie beteken.

(3) Na ontvangs van die afskrif van die appèl in subartikels (1) en (2) bedoel, moet die betrokke toetsbeampte vir bestuurderslisensies of die ondersoeker van voertuie of die toetsstasie, na gelang van die geval, onverwyld aan die LUR sy of haar redes verstrek vir die weiering waarop sodanige appèl betrekking het.

(4) Ten einde 'n appèl ingevolge subartikel (1) te beslis, kan die LUR 'n persoon aanstel om die appellant te ondervra en te toets aangaande sy of haar bevoegdheid om die betrokke klas motorvoertuig te bestuur en kan hy of sy daarbenewens van elke party by die appèl vereis om sodanige inligting en getuienis te verstrek as wat hy of sy dienstig ag.

(5) Ten einde 'n appèl kragtens subartikel (2) te beslis, kan die LUR —

(a) waar die appèl op 'n padwaardigheidsertifikaat betrekking het, die betrokke motorvoertuig deur 'n ondersoeker van voertuie wat hy of sy benoem, laat ondersoek en toets; en

(b) van elke party by die appèl vereis om sodanige inligting en getuienis te verstrek as wat hy of sy nodig ag.

(6) Die LUR kan na oorweging van die betrokke appèl sodanige beslissing gee as wat hy of sy goedvind.

(7) 'n Appèl bedoel in subartikels (1) en (2), sluit 'n appèl teen enige weiering, opskorting of intrekking of besluit deur 'n persoon ingevolge die Nasionale Padverkeerswet, 1996, in.

Reg op appèl na Premier

24. (1) Enige persoon, staatsdepartement of registrasie-owerheid wat veronreg voel -

(a) oor die weiering van die LUR om hom of haar te registreer of gradeer, na gelang van die geval, in enige hoedanigheid genoem in die omskrywing van gemagtigde beampte, of as bestuurslisensie-toetssentrum, of as 'n toetsstasie, of as 'n instrukteur;

(b) oor die opskorting of intrekking van sodanige registrasie of gradering; of

(c) oor enige ander besluit van die LUR ten opsigte van die bedrywighede van 'n operateur,

kan binne 21 dae na sodanige weiering, opskorting of intrekking, of besluit skriftelik teen sodanige weiering, opskorting of intrekking, of besluit na die Premier appelleer, en sodanige persoon, Staatsdepartement of registrasie-owerheid moet terselfdertyd 'n afskrif van die appèl aan die LUR beteken.

(2) Na ontvangs van die afskrif van die appèl in subartikel (1) bedoel, moet die LUR onverwyld aan die Premier sy of haar redes verstrek vir die weiering, opskorting of intrekking, of besluit waarop enige sodanige appèl betrekking het.

(3) Die Premier kan na oorwèging van 'n appèl ingevolge subartikel (1) die beslissing gee wat hy of sy goedvind.

(4) 'n Appèl bedoel in subartikel (1) sluit 'n appèl teen enige weiering, opskorting of intrekking, of besluit van die LUR betreffende die Nasionale Padverkeerswet, 1996, in.

HOOFSTUK VIII

REGULASIES EN VERORDENINGE

Bevoegdheid van LUR om regulasies uit te vaardig

25. (1) Die LUR kan regulasies uitvaardig oor enige aangeleentheid wat hy of sy nodig of dienstig ag om uitvoering aan die bepalings van hierdie Wet te gee en die oogmerke van hierdie Wet te verwesenlik, en in die besonder betreffende -

(a) in die geval van 'n motorvoertuig, die kleur en karakter van die registrasiemerk of- nommer wat ingevolge hierdie Wet vertoon moet word en die middele wat aangewend moet word om enige sodanige merk of nommer geredelik uitkenbaar te maak, hetsy in die nag of in die dag, wanneer enige sodanige voertuig op 'n openbare pad gebruik word;

(b) onderworpe aan die regulasies uitgevaardig kragtens die Nasionale Padverkeerswet, 1996, die stilhou met en parkering van voertuie op openbare paaie;

(c) die metode om enige feit vas te stel wat by die toepassing van hierdie Wet vereis word;

(d) enige vorm, prosesstuk of bewystuk wat die LUR dienstig ag by die toepassing van hierdie Wet en die aard en omvang van enige inligting wat vir die doel van enige sodanige vorm verstrek moet word;

(e) die uitreiking van enige duplikaatsertifikaat, lisensie of ander dokumentasie of bewys, uitgereik ingevolge hierdie Wet, indien die oorspronklike daarvan verlore, vernietig of ontsier is of enige besonderhede daarop onleesbaar geword het;

(f) die drag, met inbegrip van onderskeidingstekens, van verkeersbeamptes en van verkeersopsigters wat ingevolge artikel 3 aangestel is;

(g) die gelde wat gehef kan of moet word vir enige doel ingevolge hierdie Wet, of ten opsigte van enige registrasie, aansoek, magtiging of ondersoek, of die uitreiking van enige dokument of afskrif van sodanige dokument, bedoel in die Nasionale Padverkeerswet, 1996, of die regulasies uitgevaardig kragtens daardie Wet; en

(h) die gelde wat gevorder kan of moet word ten opsigte van die registrasie en lisensiëring van motorvoertuie soos beoog in die Nasionale Padverkeerswet, 1996.

(2) Die bevoegdheid om regulasies uit te vaardig vir enige doel genoem in subartikel (1), sluit die bevoegdheid in om enige aangeleentheid of saak met betrekking tot daardie doel volstrek of voorwaardelik te beperk of te verbied.

(3) Enige regulasie kragtens hierdie artikel kan uitgevaardig word om in die algemeen in die hele provinsie of binne enige bepaalde deel daarvan of op enige bepaalde kategorie voertuig of persoon van toepassing te wees.

(4) 'n Regulasie uitgevaardig kragtens subartikel (1) kan voorsiening maak vir strawwe vir 'n oortreding daarvan en ook vir verskillende strawwe in die geval van agtereenvolgende of voortdurende oortredings, maar geen straf mag 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van een jaar oorskry nie.

(5) Voordat die LUR 'n regulasie kragtens hierdie artikel uitvaardig, kan hy of sy 'n konsep van die voorgestelde regulasie in die *Provinsiale Koerant* laat publiseer tesame met 'n kennisgewing waarby alle belanghebbende persone uitgenooi word om enige besware of vertoë binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld, maar nie minder nie as vier weke vanaf die datum van publikasie van die kennisgewing, skriftelik by die departementshoof in te dien vir voorlegging aan die LUR: Met dien verstande dat indien die LUR daarna besluit om die konsepregulasies te verander as gevolg van enige besware of vertoë wat ingedien is, dit nie nodig is om daardie veranderings te publiseer voordat die regulasies uitgevaardig word nie.

Bevoegdheid van plaaslike owerheid om verordeninge uit te vaardig

26. (1) Behoudens die bepalings van enige wet met betrekking tot die prosedure wat gevolg moet word by die opstel, goedkeuring en afkondiging van enige verordening deur 'n plaaslike owerheid, kan 'n plaaslike owerheid, met die instemming van die Premier, verordeninge uitvaardig wat nie onbestaanbaar met die bepalings van hierdie Wet of die Nasionale Padverkeerswet, 1996, is nie, ten opsigte van —

(a) die veiligheid van verkeer op enige openbare pad, die plig van enige gebruiker van sodanige pad en die gebruik van enige sodanige pad deur enige voertuig;

(b) behoudens die bepalings van die Wet op Besighede, 1991, (Wet No. 71 van 1991), en enige regulasie of verordening daarkragtens uitgevaardig met betrekking tot die beperking en, reëling van of beheer oor die dryf van die besigheid van 'n straathandelaar, venter of smous, die stilhou met en parkering van enige voertuig op 'n openbare pad of gedeelte daarvan, met inbegrip van verordeninge betreffende die installering en, reëling van, toesig oor, instandhouding van en beheer oor parkeermeters en parkeerplekke;

(c) die aanstel en lisensiëring van parkeeropsigters en die intrek van enige sodanige lisensie;

(d) die bestuurder of kondukteur van of ander persoon in diens in verband met 'n voertuig wat te huur is of 'n voertuig wat passasiers teen 'n tarief vervoer;

(e) behoudens die bepalings van die Wet op Besighede, 1991 (Wet No. 71 van 1991), en enige regulasie of verordening daarkragtens uitgevaardig met betrekking tot die beperking en, reëling van of beheer oor die dryf van die besigheid van 'n straathandelaar, venter of smous, enige openbare pad wat nie deur enige voertuig gebruik mag word nie, hetsy in die algemeen of op vasgestelde tye;

(f) die betreklike posisie op 'n openbare pad van verkeer met verskillende snelhede en van verskillende klasse;

(g) die plek waar en tyd wanneer 'n voertuig nie mag draai sodat dit met die voorkant gekeer is in die rigting waaruit dit gekom het nie of waar dit net onder bepaalde omstandighede aldus mag draai;

(h) die op- en aflaai van enige voertuig op 'n openbare pad;

(i) die reëls omtrent ryvoorrang van sekere motorvoertuie by die binnegaan van 'n hoofdeurgang;

(j) die gebruik van 'n toeter, klok of ander waarskuwingstoestel en die omstandighede waaronder enige sodanige waarskuwingstoestel binne 'n bepaalde gebied gebruik mag word, hetsy te alle tye of tydens vasgestelde tydperke;

(k) die aanstel van 'n verkeersbeheeradviesraad bestaande uit minstens drie lede om die plaaslike owerheid te adviseer oor alle verkeerbeheer vraagstukke;

(l) die gebruik van 'n openbare pad deur verkeer in die algemeen;

(m) die beperking van die ouderdom van bestuurders van voertuie wat deur diere getrek word;

(n) enige vorm of teken wat 'n plaaslike owerheid dienstig ag by die toepassing van enige verordening, en die aard en omvang van enige inligting wat vir die doel van enige sodanige vorm verstrek moet word;

(o) die bemagtiging van enige plaaslike owerheid om waar iemand versuim om iets te doen wat enige verordening van hom of haar vereis, sodanige handeling self te verrig en die uitgawes daaraan verbonde van die persoon in versuim te verhaal;

(p) die massa van enige goedere of die getal passasiers of diere wat op 'n trapfiets vervoer mag word;

(q) die reël en, beperking van verbod op en beheer oor die parkeer op openbare paaie van voertuie wat deur handelaars besit, gehou of gebruik word of wat in hulle bewaring of onder hulle beheer is in die loop van die dryf van enige handelaars se besigheid deur hulle; en

(r) enige ander aangeleentheid ten opsigte waarvan 'n plaaslike owerheid kragtens hierdie wet verordeninge kan uitvaardig.

(2) Die bevoegdheid om verordeninge uit te vaardig vir enige doel genoem in subartikel (1), sluit die bevoegdheid in om enige aangeleentheid of saak met betrekking tot daardie doel volstrek of voorwaardelik te beperk of te verbied.

(3) Enige verordening kragtens subartikel (1) kan uitgevaardig word om in die algemeen op die hele gebied van die plaaslike owerheid of binne enige bepaalde deel daarvan of op enige bepaalde kategorie voertuig of persoon van toepassing te wees.

(4) Enige verordening uitgevaardig kragtens hierdie artikel kan strawwe bepaal vir 'n oortreding daarvan, en kan ook voorsiening maak vir verskillende strawwe in geval van agtereenvolgende of voortdurende oortredings, maar geen straf mag 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van ses maande oorskry nie.

Plaaslike owerheid mag gelde vasstel

27. 'n Plaaslike owerheid kan, by spesiale besluit, die gelde vasstel wat vir enige doel beoog in artikel 26 gehef moet word.

HOOFSTUK IX

REGISTERS EN AANTEKENINGE

Registers of aantekeninge moet gehou word

28. (1) Die registers of aantekeninge wat voorgeskryf word, moet gehou word deur—

(a) 'n toepassingsgesag;

(b) enige plaaslike owerheid; en

(c) enige persoon wat die LUR by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* bepaal.

(2) Die voorgeskrewe besonderhede word op die voorgeskrewe wyse aangebring in die registers en aantekeninge in subartikel (1) bedoel.

(3) Enige gesag in subartikel (1) genoem, moet op die voorgeskrewe wyse en tye aan die LUR of enige persoon of liggaam deur die LUR aangewys die inligting verskaf wat in 'n register of aantekening van so 'n gesag aangeteken is, en die LUR stel uit die inligting aldus verskaf die register saam, of laat sodanige register saamstel soos wat hy of sy goedvind.

(4) Die LUR kan voorskryf dat 'n gesag sodanige bykomende registers of aantekeninge as wat hy of sy dienstig ag, moet hou.

Afskrif van inskrywing in register of aantekening is bewys

29. (1) 'n Dokument wat voorgee 'n uittreksel te wees uit of 'n afskrif te wees van enige register of aantekening wat ingevolge hierdie Wet gehou word en wat voorgee as sodanig gesertifiseer te wees, is in enige hof en by alle geleenthede toelaatbaar as getuienis en is *prima facie*-bewys van die waarheid van die aangeleenthede wat in sodanige dokument verklaar word, sonder voorlegging van die oorspronklike register of aantekening of enige sertifikaat, lisensie, ander dokument, mikrofiche, mikrofilm of rekenaar-aantekening waaruit of waarvan sodanige uittreksel of afskrif gemaak is.

(2) Die inligting vervat in 'n register of aantekening wat by die toepassing van hierdie Wet gehou word, moet verstrek word aan —

(a) 'n verkeersbeampte of inspekteur van lisensies wat dit in die uitvoering van sy of haar pligte nodig het;

(b) enige persoon of plaaslike owerheid wat van die LUR magtiging verkry het om sodanige inligting te ontvang; of

(c) 'n staatsdepartement

(3) 'n Owerheid wat 'n register of aantekening ingevolge artikel 28 hou, moet op versoek van enige persoon en by betaling van die voorgeskrewe gelde -

(a) bevestig of sekere gegewens ooreenstem al dan nie met die inligting vervat in sodanige register of aantekening indien hy of sy op redelike gronde bevestiging van sodanige inligting nodig het; of

(b) die inligting bedoel in paragraaf (a) aan daardie persoon verskaf indien hy of sy op redelike gronde vereis dat sodanige inligting aan hom of haar verskaf moet word.

Kennis kan geneem word van inligting vervat in register of aantekening

30. Die LUR kan by die uitoefening van 'n diskresie of die neem van 'n besluit ingevolge hierdie Wet, kennis neem van die inligting vervat in 'n register of aantekening beoog in artikel 28.

HOOFSTUK X

ALGEMENE BEPALINGS

Parkering van mediese personeel

31. Ondanks andersluidende wetsbepalings kan 'n plaaslike owerheid in sodanige omstandighede en op sodanige voorwaardes as wat hy dienstig ag —

(a) 'n geneesheer; of

(b) 'n geregistreerde verpleegkundige of vroedvrou soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Verpleging, 1978 (Wet No. 50 van 1978),

vrystel van die bepalings van enige wet betreffende die parkering van 'n motorvoertuig binne sy regsgebied.

Spesiale bepalings met betrekking tot parkering

32. (1) Ondanks andersluidende wetsbepalings kan 'n plaaslike owerheid in die voorgeskrewe omstandighede en onderworpe aan die voorgeskrewe voorwaardes -

(a) iemand met 'n voorgeskrewe liggaamlike gebrek; of

(b) iemand wat 'n persoon in paragraaf (a) bedoel, vervoer of bystaan,

vrystel van die bepalings van enige wet betreffende die parkering van 'n motorvoertuig binne sy regsgebied.

(2) 'n Plaaslike owerheid kan, en moet in die voorgeskrewe omstandighede, spesiale parkeerplekke voorsien vir die uitsluitlike parkering van voertuie wat bestuur word deur persone in subartikel (1) bedoel, en sodanige parkeerplekke moet deur 'n padverkeersteken geïdentifiseer word.

(3) 'n Plaaslike owerheid moet die gebruik van die parkeerplekke bedoel in subartikel (2) op die voorgeskrewe wyse beheer.

(4) Die betrokke plaaslike owerheid moet aan 'n persoon bedoel in subartikel (1) bewys van sodanige vrystelling uitreik.

LUR kan sekere terugbetalings magtig

33. (1) 'n LUR kan, indien hy of sy oortuig is dat 'n bedrag deur iemand betaal meer is as die bedrag wat behoorlik kragtens hierdie Wet gehef kan word, 'n terugbetaling van sodanige bedrag of van 'n gedeelte daarvan aan die betrokke persoon magtig.

(2) Die LUR mag nie enige terugbetaling ingevolge hierdie artikel magtig nie, tensy die eis binne drie jaar na die datum van die betrokke betaling deur die registrasie-owerheid of provinsiale administrasie ontvang word.

Registrasie-owerheid onderworpe aan inspeksie deur Ouditeur-generaal

34. Die Ouditeur-generaal kan te eniger tyd 'n inspeksie laat uitvoer van die aantekeninge van 'n registrasie-owerheid en die inkomste deur sodanige owerheid kragtens hierdie Wet ingevorder.

Inspeksies om te verseker dat bepalings van hierdie Wet uitgevoer word

35. (1) Die LUR kan iemand magtig om 'n inspeksie uit te voer wat die LUR nodig ag ten einde te verseker dat die bepalings van hierdie Wet nagekom word.

(2) Niemand mag enige persoon in die uitvoering van 'n inspeksie bedoel in subartikel (1) dwarsboom of belemmer nie.

Afwyking van voorgeskrewe vorm

36. Die LUR kan 'n registrasie-owerheid of ander owerheid magtig om, in die plek van 'n vorm wat vir 'n besondere doel voorgeskryf word, 'n vorm te gebruik wat afwyk van sodanige voorgeskrewe vorm, en ten opsigte van sodanige owerheid word die afwykende vorm geag die voorgeskrewe vorm vir daardie doel te wees.

Handtekening op dokumente

37. Iemand wat nie sy of haar naam kan teken nie, moet, wanneer sy of haar handtekening op enige dokument ingevolge hierdie Wet vereis word, in die plek daarvan die afdruk van sy of haar linkerduim maak in die ruimte waarin hy of sy andersins sy of haar naam sou moes geteken het, en indien sy of haar linkerduimafdruk nie beskikbaar is nie, moet hy of sy in die plek daarvan enigeen van sy of haar ander vingerafdrukke maak, en in laasgenoemde geval moet die dokument aldus gemerk deur die beampte in wie se teenwoordigheid die afdruk gemaak is, geëndosseer word om aan te dui watter vinger gebruik is.

Betekening van kennisgewings

38. (1) Wanneer ook al ingevolge hierdie Wet daar magtiging verleen word of vereis word dat enige kennisgewing aan 'n persoon beteken of uitgereik moet word, moet sodanige kennisgewing of persoonlik aan die persoon aan wie dit gerig is, beteken word of per geregistreerde pos aan sy of haar jongste bekende adres gestuur word: Met dien verstande dat die adres wat deur die houer van 'n bestuurslisensie tydens sy of haar aansoek om sodanige lisensie verstrek is of wat teenoor sy of haar naam in 'n register van bestuurslisensies aangeteken is, of die adres wat teenoor die registrasie van 'n voertuig in 'n register van motorvoertuie as die adres van die eienaar van daardie voertuig aangeteken is, as sy of haar domisilie van dagvaarding en eksekusie dien vir alle doeleindes wat voortspruit uit of vir doeleindes van hierdie Wet, vir die betekening van kennisgewings, pos of prosesstukke aan daardie persoon.

(2) Betekening per aangetekende pos ingevolge subartikel (1) word geag uitgevoer te wees op die tiende dag na die datumstempel op die bewys van aantekening uitgereik deur die poskantoor wat die kennisgewing aangeneem het.

(3) 'n Sertifikaat deur die beampte wat die kennisgewing in subartikel (1) bedoel, uitgereik het, of deur 'n persoon wat aan sodanige beampte ondergeskik is, waarin die tyd, plek en wyse van uitreiking van sodanige kennisgewing vermeld word, is bewys dat sodanige kennisgewing behoorlik uitgereik is, tensy en totdat die teendeel bewys word.

Staat gebonde

39. Hierdie Wet bind die Staat en enige persoon indiens van die Staat: Met dien verstande dat die LUR, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, die Staat of 'n departement daarvan of enige sodanige persoon van enige bepaling van hierdie Wet kan vrystel behoudens sodanige voorwaardes as wat die LUR bepaal.

Misdrywe en strawwe

40. (1) Iemand wat 'n bepaling van hierdie Wet, of 'n lasgewing, bevel, voorwaarde, eis, bepaling, vereiste, beding of versoek daarkragtens, oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

(2) Iemand wat skuldig bevind word aan 'n misdryf ingevolge subartikel (1) saamgelees met artikel 11(1), is strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar.

